NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 7
17 Maart 2022

# Hofuitspraak na die Kerkskeuring

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Regter N Janse van Nieuwenhuizen het op 7 Maart 2022 uitspraak gegee in die hofgeding tussen die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en diegene wat sedert 2012 van die Kerk weggebreek het.**

Die hofgeding het gehandel oor die volgende vraag:

> *Kan lidmate of 'n gemeente van die NHKA wat probleme het binne of met die NHKA en/of wil wegbreek en/of weggebreek het uit die NHKA, by meerderheidsbesluit die bates van 'n gemeente van die NHKA aan vrywillige verenigings of gemeentes wat buite die NHKA funksioneer, vervreem?*

Ingevolge die uitspraak het die gemeentes as regspersone die reg gehad om 'n ooreenkoms met 'n ander party (verenigings) aan te gaan en hul eiendomme aan dié verenigings oor te dra.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering bestudeer die uitspraak en wag op regsadvies voordat hulle sal besluit of die Kerk teen die uitspraak appelleer. Die Kerk sal ingelig word sodra die Kommissie 'n besluit hieroor geneem het.

Die Kommissie wil weer eens beklemtoon dat dit in die kerk van Jesus Christus nooit in die eerste plek oor bates gaan nie, maar oor ons verbondenheid met Christus en ons onderlinge band met mekaar, soos dit in ons Kerkorde gestalte kry. Soos ons aan Christus vashou, hou ons mekaar vas. Ons koester die eenheid van die Kerk selfs wanneer ons van mekaar verskil; ons betreur kerkskeuring. Ons is eerlik met mekaar en tree met integriteit op, ons dien almal saam die belang van die liggaam van Christus waarvan ons deel is.

Daarom gaan die Hervormde Kerk voort om kerk te wees soos ons dit reeds vir feitlik twee eeue is: Ons verkondig en hou vas aan die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Heer. Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld. As kerk van Christus gee ons hieraan uiting deur die goeie nuus van die evangelie te vier, die gemeenskap van die gelowiges te koester, te getuig van die hoop wat in ons leef, en te dien waar ons kan. Op dié maniere volg ons in die voetspore van Christus.

In die woorde van Paulus, in Filippense 3: 10 en 11:

> *10 Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood, 11 in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.*

(Die Kommissie van die AKV en die Litigasiekomitee vergader op 25 Maart om, met inagneming van verskeie regsmenings, te besluit oor die pad vorentoe. Die Kommissie sal so gou doenlik met die Kerk oor die besluit kommunikeer.)

**Dr Wouter van Wyk**
**Sekretaris: Kommissie van die AKV**

## Lief en leed



Suané en Nico Rens



Melana en Gerhard Oberholzer

- Ds CM (Corlien) van der Merwe (Hartebeestpoort) se vader, **Carel Wilhelm Hendrik Viviers** (77), is op 2 Maart oorlede. Ons bid haar en hul familie baie sterkte toe. Oom Willie se roudiens het op 8 Maart vanuit Gemeente Hartebeestpoort plaasgevind.
- Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg (emeritus, Paarl) se moeder, **mev Sannie van Rensburg** (Delareyville), is op 12 Maart 2022 oorlede. Sy was 86 jaar oud. Die roudiens vind Saterdag 19 Maart plaas. Ons innige simpatie gaan aan ds Jakkals en hul familie.
- Ds Dawie en Jeanett Jacobs (Dolfynkus/Durban-Suid) se oudste dogter, **Suané Jacobs**, is op 2 Oktober 2021 in die huwelik bevestig met **Nico Rens**. Hul tweede dogter, **Melana Jacobs**, is op 19 Februarie 2022 in die huwelik bevestig met **Gerhard Oberholzer**. Ds Jacobs het albei huwelike bevestig.
- Waar in die Kerk vind dit nog plaas – boonop in 'n plattelandse gemeente – dat nege kinders op een slag gedoop word? **Letsitele** spog met hierdie gebeurtenis waar 309 mense die diens bygewoon het. Hulle het vanjaar reeds vyf gedoop, en nog ses moet binnekort gedoop word!





Ds Maritza Oosthuizen

- Baie geluk aan **ds M (Maritza) Oosthuizen** (beroepafwagtend) met die verwerwing van haar nagraadse onderwyssertifikaat!
- **Die volgende predikante verjaar tot 25 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk (82) (emeritus)
  - Vrydag 18 Maart: Di P de K (Pieter) Furstenberg (47) (Richardsbaai), RTI (Robby) Pienaar (66) (emeritus) en G (Gerrit-Daan) van der Merwe (37) (Strand)
  - Sondag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (56) (beroepafwagtend / *Die Christelike Vrou*) en PA (André) Harmzen (43) (buiteland/Swartkop)
  - Woensdag 23 Maart: Ds FB (Bernie) Sneygans (60) (Hartebeestpoort)
  - Donderdag 24 Maart: Ds JM (Janine) Bevolo-Manders (51) (Witfontein/Rustenburg-Tuine)
  - Vrydag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt (64) (Namib-Suid)

## Gemeentes en bediening

Die Kommissie van die AKV het by hul vergadering van 9 tot 11 Maart 2022 kennis geneem van talle **besware** wat van verskillende oorde ontvang is met betrekking tot die voorgestelde datums vir die **73ste AKV** (30 September tot 4 Oktober). Na deeglike oorweging is besluit om die **datums te verander na Sondagaand 2 Oktober (openingsgeleentheid) tot Donderdag 6 Oktober 2022**, en op dié manier hoop die Kommissie dat dit vir al die predikante en afgevaardigdes moontlik sal wees om die hele vergadering by te woon. Die skrywe met die oproep na die AKV sal binnekort versend word.



Ds Buddie Dupper

- **Ds BM (Buddie) Dupper (emeritus/Pongola)** is weer na Pongola (deeltyds) beroep. Hy het die beroep aanvaar.
- Gemeentes kan op die NHKA se webblad 'n templaat vind vir enige dienskontrak met funksionarisse van die gemeente. Dis op die *Amptelike* bladsy, onder die hofie Kontrakte, en dan Dienskontrak. Die bladsyskakel is **https://nhka.org/kerkorde/** en die direkte *Word*-dokument wat aflaai, is **https://nhka.org/wp-content/uploads/2022/03/2020-03-10-Dienskontrak-NHKA.doc**.

- **Ds Hennie Nel** van **Potgietersrus** laat weet dat hulle geruime tyd reeds ondervind dat nie alle e-posse van die gmail-adres hulle deur die telkomsa.net-adres bereik nie. Hulle was dus genoodsaak om sy persoonlike en die gemeente se e-posadres te verander. NHKA Potgietersrus se **nuwe e-posadres** is **nhkerkpotg@gmail.com**, en ds HSK Nel se nuwe e-posadres is **hsknel60@gmail.com**.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Bethal.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegimiteerde predikante van die NHKA. Die werkruimte is sedert 31 Januarie 2022 vakant na die emigrasie van di Cobus en Mari Manders.

  **Gemeenteprofiel:** Gemeente Bethal is in 1918 gestig. Die sieletal is 458 (belydende lede 345). Die gebouekompleks bestaan uit 'n baie mooi kerkgebou, saal, kombuis en kategeselokale.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe getuig van 'n passievolle verhouding met God. Preke is liturgies weldeurdag, goed voorberei en getuig van Geesvervuldheid. Kinderdienste is deel van die gemeentebediening. Die leraar is persoonlik betrokke by en selfs die inisieerder van gemeentelike aktiwiteite, en betrokke by die breë gemeenskap.

  **Posbeskrywing:** Voltydse standplaas met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale en riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. 'n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  **Aansoeke: Die sluitingsdatum is 30 April 2022.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Aansoeke word gestuur na die administratiewe beampte (**Bethal@nhk.co.za**) en die skriba (**lietsw@gmail.com**).

  **Vrywaring:** Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

  **Navrae:** Vir enige navrae, kontak die skriba, Lietie Swanepoel (082 7714 112).

- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor 'n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van 'n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is 'n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel:
  **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.

- **Gemeente Wonderboom (Pretoria)** beskik oor 'n **vakante kosterpos**. Die pligte behels onder andere diens by begrafnisse en gemeentefunksies, asook toesig oor die tuinwerker en skoonmaker. Die kandidaat moet verkieslik naby die gemeente woon. Belangstellendes kan die skriba, Pieter Mulder, kontak by 066 302 2768. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Maart 2022.**

- Die VONKK-Opedag het op 26 Februarie plaasgevind. **40 VONKK-liedere** wat handel oor die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus, is tydens die geleentheid beskikbaar gestel. Die geleentheid het in vyf sessies plaasgevind en vir almal wat nie die geleentheid in persoon kon bywoon nie, is die sessies nou op **YouTube** beskikbaar by die volgende skakels:

- SESSIE 1: ADVENT- EN KERSLIEDERE
  **https://www.youtube.com/watch?v=OPIjZNnKzrI**
- SESSIE 2: PALMSONDAG EN LYDENSTYD
  **https://www.youtube.com/watch?v=M2ETtLRdBb0**
- SESSIE 3: OPSTANDING
  **https://www.youtube.com/watch?v=y7-iiVsMwz0**
- SESSIE 4: HEMELVAART EN KERK VAN CHRISTUS
  **https://www.youtube.com/watch?v=nT9__YeCLDc**
- SESSIE 5: WEDERKOMS EN GELOOFSBELYDENIS
  **https://www.youtube.com/watch?v=FPK_kd326bo**




## Vergaderings

- Donderdag 17 Maart: Rata Finkom
- Woensdag 23 Maart: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 24 Maart: ADV-webinaar Tooi Turkoois
- Vrydag 25 Maart: Buitengewone Kommissie van die AKV

## Kerklike publikasies







- In die **Maart 2022-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** deel **ds Hannelie Botha** met ons haar ervarings as gemeentepredikant en haar onverwagte vriendskappe in haar redaksionele artikel *Ons kan weer lééf!* **Ds Hannelie Botha en Charmaine Willemse** gee ons 'n interessante blik op rooibostee in *'n Rooibosrevolusie.* **Anet Peacock** vertel van die NHSV Hoëveld se Streekbyeenkoms wat plaasgevind het by Gemeente Standerton met die NHSV se tema *Dankbaar, diensbaar en geseënd.* **Ds Hannelie Botha** sluit hierdie uitgawe van *Die Christelike Vrou* af met 'n gepaste artikel inleidend to Paasfees getiteld *Aswoensdag – 'n behoefte aan vergifnis.* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## 'n Paar gediggies

MOET 'N STORIE WOORDE HÊ?
Moet 'n lied 'n wysie hê?
Want somtyds wil ek net maar hê
dat stilte ook sy sê moet sê.

***

HOEKOM IS DIE HEMEL BLOU?
Hoekom is die mossies grou?
Blou is blou en grou is grou
en ek is baie lief vir jou.

***

EK PLUK DIE SON SE STRALE.
Ek stop dit in 'n sak.
Ek hang die maan se skemerlig
aan die wilgerboom se tak.

***

WIE KAN OOIT DIE MAAN VERSTAAN
wat voortgly op sy silwer baan?
Elke aand hou hy my dop
in grote stilte bo my kop.

***

ALLES HET 'N EINDE
alles 'n begin,
maar ál wat tel – dit weet ek wel,
is die stukkie tussenin.

**Philip de Vos**
(Uit: *Tokkelossiebossie en ander dol gedoentes*, 2022)

## Toerusting

- **Hoe hanteer ek die trauma van 2021?** Almal van ons kan baat daarby om hierdie praatjie te volg. Klik op die skakel en luister saam op YouTube na **dr Willie Strydom**, spreker by die Damesbyeenkoms van Gemeente Pretoria-Oos: **https://youtu.be/WU0X1ys-UU0**

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

    - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
    - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
    - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
    - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
    - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
    - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.




## Fondsinsamelings

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Barmhartigheid

- Die **9de Algemene Diakensvergadering** vind vanjaar virtueel plaas. So word blootstelling aan Covid-19 beperk, terwyl dit aansienlike kostebesparings vir ringe en afgevaardigdes sal beteken. Hierdie werkwyse bied ook aan baie meer gelowiges die geleentheid om deel

te wees van die *Ubi caritas*-simposium oor Christelike barmhartigheid. Vanjaar word die **armoedevraagstuk** in diepte behandel, en word saam gesoek na werkbare oplossings vir 2022 en verder. Rig navrae aan ds Gerhard Stoltz by **gerhard@diakens.co.za**.

| | |
|---|---|
| Dinsdag 5 April: | Inleiding tot armoedegesprek |
| Donderdag 7 April: | Trauma van armoede |
| Dinsdag 12 April: | Nuwe antwoorde in veranderende omgewings |
| Dinsdag 19 April: | Sosiale entrepreneurskap en armoede |
| Donderdag 21 April: | Netwerke |
| Vrydag 22 April: | Opening en konstituering |
| Saterdag 23 April: | Amptelike vergadering |

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Allegaartjie

"Aangesien oorloë in die gedagtes van mense begin, is dit in die gedagtes van mense dat die behoud van vrede gevestig moet word. Vrede wat uitsluitlik op die politieke en ekonomiese ooreenkomste van regerings gegrond is, sal nie vrede wees wat eenparige,

blywende en opregte ondersteuning van die mense van die wêreld kan verseker nie.” (Uit die Grondwet van die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie – Unesco – aangehaal in *Beeld*, 15 Maart 2022)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir die week

Liefdevolle Vader,
skenk my gemoedsrus
en kalmeer my onrustige hart.
My siel is soos ’n onstuimige see.
Ek sukkel om balans te vind
en ek struikel.
Al my bekommernisse hou my gevange.
Gee my die krag en ’n helder verstand
om my doel in die lewe te ontdek
en die pad te volg wat U vir my berei het.
Ek vertrou op u liefde, Vader,
en ek weet dat U hierdie angs sal stilmaak.
Soos die son wat elke dag verrys
die donker van die nag verdryf,
asseblief, Vader,
seën my met u helder Lig.
Amen.

womansday/prayers-for-peace5

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)



Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk